

DIE KUNSTENAAR -- EN DIE VROU -- LAURIKA -- POSTMA.

Laurika Postma is 'n Vrystater van geboorte. In Bloemfontein was sy welbekend want daar het sy opgegroei, een van 'n gesin van tien en 'n dogter van wyle Ds. W. Postma, wat as skrywer onder die naam van Dr. Okulis bekend is.

Maar, dis skaars dertien jaar gelede dat sy as kunstenaar na vore getree het, toe sy die voorreg gehad het om die geliefde vader Kestell se portret in brons vir die N.G. Kerk te maak. Vinnig hierop het in opdrag van verskillende Bloemfonteinse liggame, borsbeelde van verskeie geskiedkundige figure gevols, asook die Voortrekkerdogter vir die Meisieskool Oranje. En vandag, deur die groot aandeel wat sy gehad het in die uitbeelding van ons volksverlede deur middel van die geskiedkundige friese vir die Voortrekker monument, is sy so bekend dat dit skaars nodig is om uit te wêl oor haar loopbaan as kunstenaar tot by die voltooiing van hierdie groot werk nie.

Dis 'n bekende feit dat sy, vandat sy 'n kind was, wel in die tekenkuns belang gestel het, maar dat dit juis 'n Miltly Steger moes wees wat in Duitsland in haar tekenwerk 'n talent, vir die beeldhoukuns ontdeek het; dis ook bekend dat buitelandse meesters soos Oscar Jespers, professor Blazer, Ingen Hous en ons eie van Nouw haar werk hoog aangeprys het en haar loopbaan met belangstelling gevols het.

Na haar jarelange arbeid aan die friese waarvan sy die laaste jaar in Italië saam met Hendie Potgieter die toesig gehou het oor die omset van al die gipspanele in marmer, het sy die behoefte gevoel om " 'n bietjie uit te span". Met hierdie doel het sy haar tydelik gevestig op Standerton waar haar suster Sophie die onderhoof is van 'n groot Meisieskool.

Van rus het daar egter nie veel tereg gekom nie want rus is heeltemal in stryd met haar vaardige gees. Sy kon eenvoudig nie ontspan voordat sy aan die blokke marmer wat sy uit Italië saangebring het, begin kap het nie.

Vriende het haar nou ook probeer beweeg om 'n uitstalling te hou. Sy het haar die idee onder protes laat welgeval en 'n paar werke voltooi wat sy saam met 'n aantal van haar onbekende beelde

hierdie doel gebruik het.

Ons noem 'n paar daarvan:

Die kop van 'n aristokratiese Zoeloe meisie in Belgiese swartmarmer uitgevoer, met die oppervlakte nie tot 'n hoëplans poleer nie, maar dof gelaat soos die vel vān die Bantu self; die golf in bleekgeel marmer waar die kurve van die branding teen die swiepende wind met die torso van 'n meermin een word; haar siening in olienhout van die legendariese vlieër Ikaros, waar hy na die rampspoed van sy eerste vlug in die see neergestort het omdat hy in jeugdige onbesonnenheid te naby gewaag het aan die son. Laurika het in die vlamme van die stomp hout, die kroon van die geboë hoof gesien, en die vlerke wat slap afhang in bruisende waters nadat die hitte van die son, die was laat smelt het waarnse dit aan Ikaros se liggaam geheg was.

Naar "Chopin" verdien spesiaal gemeld te word: Dis 'n indrukwekkende reliëf in deurskynende albaster waar die asketiese profiel van die pianis onderwyl hy speel, saamsmolt met sy musik, (voorgestel deur die boë van die sopraan en bassleutel tekens wat om die hoof kring) om 'n treffende eenheid te vorm wat streel soos die musiek van hierdie meester se grootse nocturnes self.

Na haar baie geslaagde uitstalling in Pretoria het sy 'n monument vir die kinder-begraafplaas op Standerton voltooi, waar in reliëf op die ronding van 'n massiewe pilaar 'n voortrekker moeder met 'n paar verslae kinders gesien word. Die indruk van verlies en smart kulmineer in die leegheid van die vrouehand wat die middelpunt van die voorstelling is, en moedeloos-slap langs haar op die sitplek rus.

Vir Laurika het die hand 'n wonderlike bekoring. Sy kan met die grootste toeweiing daaraan arbei. Neem as voorbeeld 'n treffende sedenkteken wat sy uit graniet vir Lusaka uitgekop het: net 'n paar sterk gevoelige hande wat 'n brandende fakkel omhoog hou. Sy self het fyn kunstenaars hande en dit kan tereg gesê word dat sy vir haarself 'n plek uitgebeitel het in die kultuurgeskiedenis van ons volk.

Na hierdie vlugtige oorsig van Laurika as kunstenaar sou ons graag een en ander wou meedeel ontrent Laurika die vrou:

Sy is blond, 'n blondheid wat die erfenis is van haar Friese voorsate. Sy is jeugdig van gees en met haar beweeglike gesig, sprekendeblou oë en lewendige verteltrant kom dit natuurlik by haar om te bekoor. En alhoewel sy gewoonlik teruggetrokke voorkom vir die vreemde, is sy in intiemer kringe, die siel van enige byeenkoms.

Sy is 'n onverbeterlike tergees en almal in die nabyheid moet dit altyd ontgeld. As een van die huisgenote lewers in 'n vertrek 'n fyn genotvolle skreeelaggie hoor weet hy dadelik dat een van Laurika se menigvuldige poetse weer geslaag het. As sy byvoorbeeld 'n stuk papaja met smaak uit sy skil sit en uiteet, is elke kind wat haar ken, by voorbaat op sy hoede want juis haar onskuldige houding verraaï dat sy hard besig is om te besluit vir wie van hulle sy hierdie keer die skil oor die neus sal plak.

Tipies van Laurika se streke is dit dat sy haar Italiaanse hospita, Maria, wat keilbegerig was om afrikaans te leer praat, met 'n dood-ernstige gesig die een onnutsige sin na die ander voorsê wat Maria dan plegsgetrou uit die hoof leer, en so dikwels moontlik gebruik tot groot vermaak van alle Afrikaners met wie sy dan in aanraking kom, en natuurlik tot die grootste genot van Laurika self.

Tenspyte van die feit dat kinders gewoonlik onder haar tersugtigheid moet deurloop, pak hulle haar altyd toe want, "tant Laurika is nie soos ander groot mense nie".

Sy verstaan ook by uitstek om uit kind en dier die potsierlike te lok en as die een sonder dit te weet volgens plan, skreiend snaaks reageer op haar prikkels, hoor jy daardie welbehaaglike fyn skreeelaggie. En as die kind of die hond nou eenmaal nie kan verstaan waar die grap inkom nie, is dit vir Laurika die heel snaaksste.

Saan met haar nefies en niegies kan sy onvermoed baljaar

en/...

Wappelen

Handwritten signatures and scribbles at the bottom right of the page.

en katterkwaad aanvang en is dit gladnie uitsonderlik dat iets soos die volgende gebeur nie : Die moeder hoor haar kroos in haar spoggerige sitkamer luidrugtig te kere gaan. Sy snel daarheen en tref al haar kussings in 'n hoop op die bank aan. Sy raas met die kleingoed maar moet verslae in die helfte afbreek wanneer die kussings begin toer, 'n paar groot oë daartussen uitloer en Laurika boetvaardig begin verduidelik: „Dis my skuld, ekskuus tog jong - moenie met hulle raas nie“.....

Dis dan ook maklik te verstaan dat die skooldogters by haar huidige verblyfplek baie erg oor haar is en dat hulle dit as 'n voorreg beskou om vir haar te poseer al is dit nou maar net die ronding van 'n jong arm wat Laurika wil vaslê. Later word dan trots aan 'n beeld die arm uitgewys met die woorde „Dis my arm, ek was die model“.

Word die gesprek gelei na haar ondervindings in die buiteland kan sy in 'n paar reëke sinne 'n persoon aan jou voorstel, 'n indruk weergee, 'n atmosfeer skep.

Die botsende eienskappe in die Italiaanse temperament was vir haar op elke draai opvallend. In die beskrywing van 'n indrukwekkende godsdienstige optog in Florence sal sy jou saterdag ook vestig op die uiters vrome deelnemer wat 'n priester of heilige voorstel maar in die gedrang uit die wye moue van sy boetkleed ongemerk sigarette laat gly in die gretige hande van kliënte van sy sluikhandel.

As sy van die palio vertel, sal sy jou deur 'n vlugtige beskrywing die glorie van die skouspelagtige perdewedrenne laat sien, maar sal met genot stilstaan by die tipiese Italiaanse seremonie wat so 'n wedren voorafgaan naamlik, die bespreking van die perd deur wy water in sy elenaar se spesiale kapel. Sy bedule hoe vervaard die dier daar uitsien as hy tussen die banke in die gewyde gebou deurgestuur word. Met 'n ruk van die kop en 'n gepynigde kyk in blou oë illustreer Laurika presies hoe die verbysterde perd reageer by die toediening van hierdie geheiligde water ... dan weer daardie genotvolle skree-laggie!

Maar /...

Maar dis nie net die luimige kant van die uitlander waarby sy haar bepaal nie. Ná haar vlug uit Duitsland by die uitbreek van die tweede wêreldoorlog het sy weer die atmosfeer van daardie land, die deeglikheid van daardie volk, die spanning wat die oorlog voorafgegaan het, die doelbewustheid en die erns van die nasie deur haar vertellings oorgedra tot onbetwisbare getuigenis van haar fyn aanvoeling met die smart van die enkeling, die leed van 'n volk.

So wissel luim en erns ook in haar werk mekaar af. In teëstelling met die humoristiese net-arms-en-bene voorstelling van haar nefie Wiljon word jy ontroer deur „Hugar“ wat Laurika in Carrara warmer aan jou voorstel net op daardie oomblik wat sy die hoof wegdraai om nie haar kind te sien sterf in die woestyn nie; haar „Pulidhoop“: 'n komposisie van twee gebroke menselure, om die indruk weer te gee wat Europa na die oorlog op haar gemaak het; ook haar „Arbeid en Gedagtes“ wat 'n moederlike vrouefiguur is, uitgebeeld sonder enige detail waarin die houding aandui dat sy net 'n naldwerklike besig is terwyl jy verder net haar versonkenheid sien in rustige gedagtes, vol versekering van die feit dat sy die spil is waarom alles in die huis draai.

Laurika kan haar inleef in die swaarkry van 'n ander, omdat syself die donker kant van die lewe baie goed ken. Sy het as een van die ouer kinders op jeugdige ouderdom die groot gesin help dra ná die vader bulle ontval het. In haar opdraende pad moes sy baie jare lank vervelende kantoorwerk doen reikhalssend na die ideaal om eendag al haar tyd en kragte aan die kuns te wei. Wat sy tot dusver bereik het is grotendeels te danke aan harde werk onder uiters ongunstige omstandighede; 'n vuur wat haar aandryf selfs in tye van woedeloosheid en bo-al haar optimistiese levensbeskouing dat teëspeer meesal bedekte seëning inhou.

Gesels met haar oor kuns en vra haar opinie ontrent die moderne rigtings dan sê sy, sy steur haar nie aan die „ismis“ nie, sy beeld slegs uit wat sy voel.

Vra haar wat haar toekomsplanne is, dan antwoord sy dat sy voorlopig 'n rukkie na die Bosveld sal gaan, waar sy met „beitel en hamer oor die skouer“ die veld gaan instap om hout en klip in te samel.

Diegene wat haar ken, sien haar al klaar op een van hierdie soektogte. Soos 'n kind sal sy 'n oormaat van genot daaruit skep want sy is onvermoed en besit in ruime mate die gewoonte om te ken geniet. So ken ons haar as vrou, so het ons haar lief.

En soos ons as volk trots is op 'n Rachel Isabella Steyn, 'n Prudy Kestell, 'n Mabel Halherbe en 'n Maggie Laubser, so kan ons Laurika Postma ook huldig - 'n interessante vrou sonder wie ~~as~~ Suid-Afrika bepaald 'n baie armer land sou gewees het.

Die
S.M.
verander

oooooooooooooooo
ooooo
ooooo

ME